

Mark Tomlinson*

[William James](#), die vader van moderne sielkunde, het in 1890 die wêreld van die baba soos volg beskryf: “Die baba, wat gelykertyd deur oë, ore, neus, vel en ingewande oorweldig word, ervaar dit alles as een groot bloeiende, gonsende verwarring ...” Hoewel James oor baie goed reg was, weet ons nou danksy die wonder van die wetenskaplike metode dat hy heeltemal verkeerd was hieroor.

Ons moet egter toegee dat hy natuurlik nie baie van die instrumente gehad wat ons vandag het wat ons in staat stel om ’n kykie in die brein en lewe van babas en hul ouers te kry nie. Maar hy was ook ’n man, en het dus waarskynlik nie baie tyd saam met babas self deurgebring nie.

Volgens sielkundiges [Alison Gopnik, Andrew Meltzoff en Patricia Kuhl](#) het baie van die vooruitgang in die navorsing oor babas se vermoëns (veral in die VSA) met meer vroue se toetreding tot die akademie ooreengestem. Vir daardie vroue was die interpretasie van die ‘wetenskaplike kennis’ in daardie stadium baie eerder ’n geval van ‘dit was beslis nie my ervaring met my baba, of my suster se baba of met enige baba nie’.

Danksy hierdie revolusie weet ons nou meer oor die ongelooflikste hoeveelheid goed wat babas kan doen. Ons weet byvoorbeeld hulle kan binne sowat ’n uur ná geboorte basiese gesigsuitdrukkinge na-aap en hulle sal by voorkeur in die rigting van die klank van hul ma se stem draai – ook binne ure ná hulle geboorte. Ons weet ook hulle erken hul ma se reuk en dat wanneer die ma depressief is, dit hierdie erkenning kan kompromitteer. Wat nog merkwaardiger is, is dat babas reeds in hul eerste lewensjaar oor basiese [wiskundige vaardighede](#) beskik.

Die stimuli waaraan babas in daardie eerste weke en maande van hul lewe blootgestel word, lei tot die vorming van tot ’n miljoen sinaptiese verbintenisse in hulle brein elke sekonde – ’n syfer wat moeilik is om te begryp. Hierdie breinontwikkeling gaan regdeur die lewensduur voort.

Al weet ons nou baie meer oor babas se ongelooflike vermoëns, lewe ons steeds in ’n land en wêreld waar die ontsagwekkende leer en veranderende wêreld van ’n baba, kind en adolessent buite sig plaasvind. Dit is die punt wat ek op [Nasionale Kinderdag](#) wil maak – of Wêrelddag vir kinders soos dit in die res van die wêreld bekendstaan.

Hierdie dag, wat elke jaar op die eerste Saterdag in November (op 5 November in 2022) gevier word, beklemtoon deurlopende pogings om kinders se welstand te bevorder en kinderregte te verseker. November is gekies omdat die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering in November 1959 amptelik die [Handves van die Regte van die Kind](#) aanvaar het wat gelei het tot die aanvaarding van die [Konvensie oor die Regte van die Kind](#) in November 1989.

Ten slotte ...

Kinders en adolessente gaan ook die prys moet betaal vir wat ons en ons voorvaders gedoen het, en vir wat ons nie nou doen ten opsigte van klimaatsverandering nie. Ons het ’n tipe maatskaplike kontrak met jongmense nodig wat fundamenteel heeltemal anders is.

Hulle moet ware vennote in alle besluite wees – in vennootskap met volwassenes en nie net junior vennote nie. Ons huidige handelswyse in die politiek en die sakewêreld verseker dat kinders (babas ingesluit) en adolessente sigbaar bly. Ons is aan hulle iets verskuldig wat radikaal nuut is.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Prof Mark Tomlinson is mededirekteur van die Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing in die Departement Globale Gesondheid by die Universiteit Stellenbosch.**